In opdrag van die kerkraad van Leeuwberg-gemeente rig ek die volgende skrywe aan julle.

Dit is met groot spyt en hartseer dat ons as gemeente vir die afgelope paar jaar al kennis neem van die invloed van die liberale teologie in ons kerk, veral in die siening en hantering van die Woord van God. Met so 'n humanistiese, subjektiewe siening van die Skrif kan ons onsself glad nie vereenselwig nie. Ons staan sterk op die gereformeerde tradisie en siening dat die Bybel objektief, onfeilbaar en akkuraat is. Ons voel baie sterk daaroor dat ons as NG Kerk een belydenis moet hê en dat elke gemeente nie self daaroor kan besluit nie.

Daarom is ons as gemeente nou in 'n staat van dolering teen die Vrystaatse Sinode en die Algemene Sinode met die oog daarop om van die NG Kerk weg te breek, tensy daar oor die plek en die rol van die Skrif in ons kerk besin word en ons weer by een Protestantse belydenis kan terugkom.

Die gevolg is dat ons as gemeente onmiddellik alle verbintenisse met die NG Kerk staak, asook alle finansiële verpligtinge.